

Pretoria- 18 Julie 2010

**Skriflesing:** Esegïel 4:9-17; Klaagliedere 1:1-11

**Teks: Esegïel 4:9; 16**

**Sing: SAMESANG- Ps. 127:1,2**

**TYDENS EREDIENS- Ps. 107:1,2,4; Ps. 19:6; Ps. 66:7; Ps. 105:9**

Esegïel is steeds die profeet van die Here wie se mond gebind is (3:26) en ook sy liggaam is gebind (4:8). Broeder en suster, hy is die wagter oor die huis van Israel wat deur die Here geroep en bevestig is. Die man wat oor sy volk nie mag stilbly nie, maar dan maak God hom stil, God bind hom, eers sy tong aan sy verhemelte, dan teken hy Jerusalem se kaart en dan kom die onmenslike wat menslike lyding moet verduur. Hy moet op sy linkersy gebind lê en dit vir 390 dae, daarna nog 40 dae op die regtersy. Die seer en die styf van die menslike liggaam wat hierdie dinge moes afbeeld word 'n portret van die Here se volk. Die Here wys vir sy volk hoe seer en hoe verskriklik die ellende sal wees wat daar oor sy volk gaan kom.

Soos Esegïel daar moet lê, vasgemaak en hy lê op albei sye so sal die tyd kom wat hierdie volk ook aan al twee kante, die noordelike ryk en die suidelike ryk nie sal loskom nie. Elke dag se lê word bevestiging van 'n jaar se ballingskap...wat die noordryk met sy tien stamme (390 jaar lank) en die suidryk met sy twee stamme, Jerusalem ingesluit (40 jaar) sal bind, weggevoer en in ballingskap.

\*\*\*

Dit wat die normaal menslike behoefte in hierdie uiters moeilike omstandighede is, dit word deur God net nog 'n verdere stap gevoer in wat God deur Esegïel vir sy volk verder wil duidelik maak. Die Here wys op die dinge wat met hulle sal gebeur maar nou gaan dit spesifiek oor die inwoners van Jerusalem. Hulle wat nog daar in Israel is, hulle wat saam met hulle koning Sedekia onder die valse gerustheid verkeer dat ons sal nie so swaarkry soos ons ander volksgenote wat reeds in die ballingskap weggevoer is nie. Vir die bewoners van Jerusalem word hierdie uiters weersinwekkende gebeure in die tweede helfte van hfst. 4 'n beeld wat beslis al hoe duideliker maak dat hulle godsdiens wat so oppervlakkig is, so formalisties, hulle geloof het eintlik so uiterlik geraak...die Here het 'n weersin daarin.

Ons moet in alle geval onthou dat die sweep waarmee die Here sy kinders straf, die toue van daardie sweep is gewoonlik saamgeveg uit die toue van ons eie sonde. Die Jode het heeltemal 'n ander beeld van hulleself gehad as die beeld wat God oor hulle het. Hulle het hulle as baie godsdienstig voorgedoen, so rein, ja hulle maak asof hulle kerklik getroue dienaars van die Here is, hulle eet rein brood, maar juis op die punt van brood breek hier nou 'n dubbele gesig oor hulle oop.

\*\*\*

Die Here gee die bevel tot die bak van 'n broodjie. Hierdie brood word egter eintlik iets verskriklik. Die mooi broodjies wat ons as mense baie keer vóór mekaar kan bak, die Here kyk dwarsdeur dit. Dit wys die Here hier! Wat maak hierdie broodjie verskriklik. Dit gaan oor wat alles die meel van die brood vorm. Koring, gars, boontjies, lensies, manna spelt, dit word deurmekaar gemaal, 'n gemengde meel wat vir Israel op geen manier aanvaarbaar sou wees nie. Baie van hierdie is graan eintlik vir veevoer, maar nou moet hierdie ses graansoorte in een skottel kom, tot een meel gemaal en dan tot een brood gebak word. Die rasegte Jood se hare staan almal regop, want dit sal Esegïel as sy kos moet beskou, dit sal hy moet eet, daardie 390 dae, plus nog weer 40 dae.

Die Levitiese reinheidswette word in so 'n opdrag totaal omvêr gegooi. In Deut. 22:9-10 lees ons dat die Jode op dieselfde stuk grond nie eers twee soorte van saad mag saai nie en so min soos wat hy die sade mag meng, net so min mag hy nie eers die trekdiere meng wat die ploeg sou trek vir die plant van hierdie sade nie. 'n Os en 'n donkie mag nie dieselfde juk trek

Pretoria- 18 Julie 2010

wanneer daar geploeg word nie. Dit word beskou as dat dit die grond en die saad onheilig. In v. 11 lees ons dat dit selfs in die kleredrag was die bepaling dat 'n kledingstuk nie gemeng mag word nie, dat wol en linne nie gelyk in dieselfde kledingstuk mag dien nie. Die wettiese Jood glo dat nie eers twee van sulke grane gemeng mag word, so sou hulle hul geloof vóór mekaar voorhou, ongeag hoe die hart daaragter staan....

\*\*\*

Nou kom die verskriklike opdrag van die Here om nie maar net twee soorte saad te meng nie, maar dit word al erger, die onheilige getal ses bevat hier ses graansoorte en meng dit tot 'n sesvoudige mengsel. Dit sou vir hulle word die toppunt van onreinheid. Koring gemeng selfs met peule. Vir die inwoners van Jerusalem sou sulke onreinheid hulle na hulle hare laat gryp (vgl. Eseg. 5:1). Die onreinheid van gebeure sou nog erger word, maar in die oordeel van wat hulle as diepe onreinheid bestempel is die opdrag aan Esegiël nie net gebind aan 'n diepe onreinheid nie, maar daar kom 'n geweldige gebrek aan kos en water.

Hierdie 6 sade tot een broodjie gebak mag net 'n klein broodjie wees. In ons mate is dit omtrent 230 gram voedsel per dag en die water wat Esegiël mag drink is net so skokkend min. 'n Sesde deel van 'n hin, wat maar neerkom op so bietjie meer as 'n halwe liter vir elke dag. Dit in die warm Oosterse klimaat is werklik baie min water wat hy mag drink.

Dit sou Esegiël wel net aan die lewe hou, maar ons besef dit gaan beslis nie vir die Here dat die lêende Esegiël aan 'n streng dieet gebind moet wees nie, maar die Here waarsku hierdie volk watter geweldige hongersnood daar gaan kom. Die ballingskap sal gebind wees aan 'n gebrek aan kos en water wat hulle nie kan dink nie.

\*\*\*

Die ergste onreinheid sou egter nog 'n dieper afbeelding kry. Die Jode wat in hulle Fariseër gestalte maak asof die beker aan die buitekant so skoon moet wees. 'n Graf wit gepleister aan sy buitekante, tog het Jesus sulke onreinheid ook oopgevelek. Jesus wat praat van blinde leiers...*julle wat die muggie uitsif maar dan die kameel insluk* (Matt. 23:24). En dan ook *Mattheus 23:27- Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is.*

Die Here het hierdie dinge lank voordat Jesus as Mens daarvoor gepraat het, gewys op die geveinsdheid van die mens, die huigelary, hoe daar dinge voorgegee kan word, veral dan in ons verhouding tot die Here wat glad nie met die hart ooreenkom nie. Die Jode daar aan die Kebarkanaal sou by hulle Levitiese reinheidswette wou sweer, al die uitwendige seremonies, hulle in Jerusalem is so seker van die tempel, *die Here se tempel, die Here se tempel is dit...* (Jer 7:4) daardie gebou van klip, daaragter wou hulle hul verskans.

Het Jesus nie weereens gewys hoe alles eintlik maar dieselfde gebly het nie. Selfs Jesus se dissipels het van die indrukwekkende tempel van klip so baie gedink, tog is dit Jesus wat sê dat die tempel sal nie bly staan nie- *Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie.* (Matt. 24:2). Dit wat Esegiël baie vroeër moes doen, sluit direk aan by hoe God van so 'n veruiterlike godsdiens walg om die brood wat hy so gemeng saamstel op die menslike uitwerpsel moet gaarmaak. Op die mens se eie uitwerpsel...

Die klein broodjie, die min water wat daar vir hom sou wees, sluit aan by die totale gebrek aan brandstof. geen brandhout om hierdie broodjie mee gaar te bak nie. Nou moet die broodjie op so 'n verskriklike manier gaar kom. Op die mens se eie ontlasting!

Pretoria- 18 Julie 2010

Hier tree Esegiël se smeekbede tot hierdie verskriklike opdrag tot versagting om darem in plaas van die mens se uitwerpsel eerder dié van diere te gebruik. Hy mag wel beesmis inbring en dan moet die broodjie direk daarop kom. Geen warm klip, ook nie daardie bakplaat wat aan die begin van hierdie hoofstuk God se voorbeeld was hoe God Hom van die stad sal afskei en die stad sal beleer nie. Die gemengde broodjie, daarom in die Joodse oë onrein, moet op die mees onreine manier gaar gemaak word.

\*\*\*

Die Here wys deur hierdie beelde van onreinheid die verskriklike wat daar oor Jerusalem sal kom. In die ballingskap sal hulle so moet eet, die drang om maar net aan die lewe te bly sal hulle noodgedwonge hulle hand na kos moet uitsteek waarvoor hulle eintlik walg. Al sal hulle nie wil eet nie, hulle sal dit moet eet omdat dit al kos is wat daar sal wees. Klaagliedere beskryf die volle waarheid van hoe al hierdie dinge wat Esegiël so in sy volle mens-wees moes afbeeld die volle werklikheid geword het. Die waarheid van God se profesie kan op die einde van die werklikheid daarvan nie geskei word nie. Die volle harde werklikheid van 'n volk wat gedink het hulle sal nie so hard gestraf word nie.

Hulle wat so vol was van hulleself. Hulle kultiese reinheid, hulle uitwendige seremonies, hulle wettiese godsdienstplichte, hulle wat meen as ons net daaraan voldoen dan is dit genoeg, dan moet ook die Here tevrede wees. Hierdie uiterlike pligpleginge hou hulle tot die kleinste puntjies aan vas, presies soos Jesus ook sê, die muggie word gesif, maar dit waar dit werklik omgaan word verby gegaan.. Hulle het 'n swakker regsbegrip as die heidene begin handhaaf in wat werklik my verhouding tot God en my naaste moet wees.

\*\*\*

Die kant wat vir die Here werklik saakmaak, is die hart wat moet verander. Die verandering wat daar moet wees, is ware bekering, die lewe van heiligmaking wat nie maar net as stuk dogmatiek op die lippe moet wees nie, maar dit moet word 'n kernwaarheid in die hart. Moet nie die liefde van God en die diepe betekenis van God se verbond wat in liefde gegee is minag nie.

Die krag in ons geloof moet in die godsvrug van ons hart kan wortel skiet. Die ironie van die Jood wat wys hy is so rein, God wys vir hulle deur Esegiël hoe onrein hulle werklik is.

Die goddelike vergelding kom dikwels met hulle eie skreiende ironie. In die tyd wat Jesus tussen hulle was beskou hulle hulself in die tyd van die Paasfees te rein, te heilig om enige voet oor die drumpel van Pilatus se regsaal te sit, daar sal hulle hul voete nie sit nie, hulle is wetties kamtig te rein om hulle voete in 'n heidense gebou te sit, want dan verontreinig hulle hulself. So ironies, want die voete wat nie die heiden se regsaal wil instap nie, is dieselfde voete wat baie haastig is op pad na Golgota om God se Seun daar te gaan kruisig. Hulle wat meen 'n sekere gebou mag ons nie ingaan nie, maar God se Seun mag ons belaster, op Hom mag ons spoeg, Hom mag ons slaan, sy bloed kan ons maar vergiet.

\*\*\*

Esegiël wys hierdie dinge al so duidelik uit. As God hulle sulke onrein brood laat eet, dan vat die Here dit van hulle af weg, daardie kamtige reinheid wat hulle so wou voorhou. Die volk wat dink hulle is die heilige volk, die laaste stukkie daarvan waarmee hulle hul as volk voor die wêreld wou heilig word van hulle gestroop as hulle eintlik in hulle volle wese voor God onheilig staan. Wat baat 'n kamtig heilige lewe jou as jou hart en verstand in totale onreinheid voor God klop. Ons as kerk moet beseft moet nie die tradisies voorhou, die baie moets en moenies, uiterlike godsdienstige gewoontes, maar in die ware lewenspraktyk, daar waar ons vir God 'n sout en 'n lig moet wees, daar werk ons nie, daar skyn ons nie. So 'n

Pretoria- 18 Julie 2010

kerk het nie 'n toekoms nie. 'n Onchristelike regering sal deur die Christus gebruik kan word om so 'n kerk in sy valse beeld en boodskap te laat wegsink.

Hy wat hom nie bekeer nie sal van die verborge manna van God nie mag eet nie, al sal die smagting daarna op die einde ook hoe groot wees, want broeder en suster, buiten die beeld van onreinheid en die werklik tekort wat daar vir die volk in die ballingskap sal aanbreek het Esegïel 'n volgende karaktertrek moes wys. Selfs 'n klein broodjie, gemeng saamgestel, op beesmis gaargemaak, het geen waarde as dit nie geseën word nie. Brood het nie krag en sal nie tot jou geseënd wees as God dit nie 'n staf in jou lewe maak nie. Die Here sê vir Esegïel – *Mensekind, kyk, Ek verbreek die staf van die brood in Jerusalem...* Die seënende Woord van God moet brood sy voedingskrag gee. Brood mag dalk altyd nog brood wees, maar dit hang enkel en alleen van God se Woord af of brood ook 'n staf sal wees. Wanneer die bejaarde se kragte afneem dan het hy/sy 'n staf/ kerie nodig om te loop. So word die beeld dan verder toegepas. Jy het ook brood nodig om as jou kragte afneem verder te gaan. Die brood is ook vir jou soos 'n staf. Ons het ook hierdie staf nodig om met behulp van brood weer te aangaan. Die ingrype as die staf waarop jy leun skielik breek- dit wat die Here vir Esegïel sê: *Mensekind, kyk, Ek verbreek die staf van die brood in Jerusalem...*

Hier het ons die situasie dat 'n land en sy mense kan vol wees van hulleself en hulle geld en hulle prag en praal, hulle sokker en hulle velde, hulle pawiljoene en hulle skares, maar al hierdie dinge is geen staf vir 'n land as God dit nie tot staf sal maak nie. Dit moet geseënd wees voor dit tot seën gestel kan word. Die Woord wat Esegïel hoor is alles behalwe die staf wat daar vir hom kan wees, in daardie klein broodjie, maar breek die staf. Dit kan of gebeur deur die brood geheel weg te neem, of die krag wat daar nog in so 'n broodjie kon wees, weg te neem, al is die broodjie dalk nog daar.

In Haggai het ons dieselfde mespunt waar die Here deur sy profeet sy volk uitdaag om ag te gee op wat hulle wederveraar het. Elkeen hardloop vir sy eie huis terwyl die Here se huis in puin lê en dit nadat hierdie ballingskap hulle so verrinneweer het, maar leer, leer die mens nie! Dan wys Haggai jy kan dalk 'n groot salaris kry, die bankstate wys indrukwekkend die saldo's in ons tyd maar wat word werklik van die geld. Wanneer groei 'n land se ekonomie werklik...as God die groei nie 'n staf maak nie dan help al daardie groot syfers niks nie. Jy voel op die einde nie maar net soos 'n dagloner nie, maar jy word die dagloner wat nie die staf van jou loon geniet nie. As so 'n loon/salaris alleen staan, sonder God se seëninge daarop, dan is dit so goed jy steek jou geld in 'n stukkende beurs (Haggai 1:6). Dit is dan geen staf nie. Die beeld van honger word dan net nog meer verdiep.

Ons sluit af met wat ons vandag besef. Dit kan gebeur dat die Here sy seëninge terugtrek. By die tweede diens en by die bediening van die doop sal ons vandag nog beter besef hoe belangrik is God se seëninge, hoe nodig is dit dat God ons moet seën. As die Here die staf van brood breek, Hy trek sy seëninge terug omdat godsdiens net in die uiterlike verval het. Al is daar duisende brode voor ons uitgestal, maar as dit nie tot seën gestel word nie, dit strek nie waarlik tot lewens onderhouding nie, dan sal dit nie goed gaan nie. Alleen die Woord van die Here kan brood 'n staf laat wees. Sonder die Woord is alles kaf. Alles hang dus van die Woord af.

Dit kan met ons gaan soos die bemanning op 'n sinkende skip. In hulle haas om op die reddingsboot te klim neem hulle die kosbaarste van besittings wat daar nog op die skip was saam. Dit mag rolle en rolle geldnote wees, klomp stawe goud, edelgesteentes, diamante wat op hope lê, maar in hulle haas wanneer die skip klaar gesink het, besef hulle wat help al hierdie kosbaarhede, hierdie geld en glinstering ons, want ons het vergeet om vir ons kos en

Pretoria- 18 Julie 2010

vars water te neem. Dan sterwe 'n mens in jou oorvloed. So kan ons ook sterwe juis aan ons sukses, by al die tanieme wat 'n mens dalk mag hê, daaronder kan jy krepeer.

Jesaja het dit treffend gestel. As jy getrou is in die verbond van die Here dan kan 'n jong koei en 'n paar skapies jou aan die lewe hou. Die verbond van die Here wat deur ons in ere gehou moet word behels dus nie net jou liggaam en siel nie, maar ook jou brood- die staf van jou brood.

Alles is aan Christus verbind, Hy die Hoof van die verbond. Alleen in Hom kan die staf van brood heel bly omdat Hy juis gegee het dat hulle sy liggaam breek, dat ons brood, ons staf van brood nie gebreek word nie. Al die dinge wat in die hemel en op die aarde is, het Hy met God versoen. Kyk wat maak Hy wanneer Jesus nie die staf van brood breek nie, maar dit juis méér maak. Met twee broodjies het Hy so 'n groot staf kon maak dat dit geweldige klomp brood kon word om duisende mense te voed. Wie in God glo, sy verbond word in jou lewe geseën, geseënd is dan ook jou koeie en jou skape aldus Jesaja.

Dan is mens met die innerlike van ons geloof besig en steek nie meer by die uiterlike van ons godsdiens vas nie. Al wat ons nodig het, is om te leef met die verlanse dat ons waarlik geseënd moet wees, dan tel hoeveelhede nie, maar wat dan werklik tel is net die seëninge van die Here. Dit is wonderlik heerlik, in teenstelling met die ou gemengde broodjie wat met gemengde gevoelens gaargemaak was, wat spreek van mense in hulle geloof verstok en verstik want die hart van hulle geloof was nie meer in hulle harte nie, daarom dat die ou broodjie so walglik gaargemaak is, want God walg ook aan so 'n godsdiens. Mag die staf van brood vir ons as kerk heel bly...

AMEN